# GEBEDSBULLETIN

**Tema vir Februarie: Luister na die Bybel**

**Dank die Here hierdie week vir:**

* Die Bybel in ons eie taal, vir eredienste en kleingroepe waar die Bybel saamgelees word.
* Dele waar daar reeds reën geval het en bid vir areas wat nog baie droog is.
* Wonderlike oop deure by plaaslike skole.

**Bid hierdie week vir:**

* Gehoorsaamheid aan die Here se roeping vir ons, om die Bybel konsekwent te lees en leef.
* Gemeentebediening (deuroffers). Die Taakspan vir Gemeentebegelei- ding begelei gemeentes in geloofsonderskeidende prosesse om hulle roeping te ontdek in die gemeenskap waar die Here hulle geplaas het en om die verskillende aspekte van hulle bediening in lyn daarmee aan te pas en te vernuwe.
* Gesondheid/medies (virale meningitis in Mosselbaai).
* Kinderkerk en kategese.
* Plaaslike verkiesings later vanjaar.
* Ons land - ekonomie, landbou, onderwys, medies, rasseverhoudinge.



**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Neels Greyling Protea-aftreeoord, Stefaan vd Merwe Protea-aftreeoord

**STERFTES:** Dries Lötter Apiesdoringstr, Henry Jackson Kanon (pa van Emmie en Neels)



ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

TELNR: 044-6903552 ngkerkmsb-suid@absamail.co.za

## AFKONDIGINGE: 31 JANUARIE 2016

*"Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe" (Kolossense 3:13)*

## VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Gemeentebediening.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R - 6 gaan na die kinderoomblik na die Kinderkerk in die saal. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kinders en hul ouers ontmoet ds André na die diens in die kerkgebou. Gr 10 by dominees soos onderling gereël. Graad 11 vergader Sondae 18:00 by ds Danie.

## VOLGENDE SONDAG



**NAGMAAL:** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Danie); in Santos Haven 2 se gemeenskapsaal (ds Robert) en op Vleesbaai (ds André). Kinderkerk in die saal na die sang in die kerkdiens.

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Instandhouding van Gemeente -geboue.

## PROGRAM VIR DIE WEEK



**KLEINGROEPE:** Vergader soos gewoonlik: nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting. Ds Danie se Maandaggroep vergader om 15:00 in Santos 2 se sitkamer en sy Dinsdaggroep vergader om 09:30 in die konsistorie. Ds André se Dinsdaggroep vergader om 09:30 in die kerksaal.

**Maandag:** Dankfees Beplanningsvergadering om 18:30 in die kerksaal.

**Dinsdag:** Geen Gebedsbyeenkoms agv leraars kursus.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds Robert).

## BANKBESONDERHEDE




NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai
reknr 207 058 0031 (Dankoffers)
reknr 207 016 7886 (Geloofsoffers)

## BELANGRIKE INFO

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

**OESMAAND KOSKAS:** FEBRUARIE is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey telnr. 073 2988 142.

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Arbeidsbediening was R2 364-45.

**DANKFEESBEPLANNING:** Ons nooi alle konvenors, Dankfeeskomiteelede en ander belangstellende lidmate uit om saam te kom beplan vir ons Herfsdankfees wat DV op 11 Maart plaasvind. Die byeenkoms is 18:30 op Maandag, 1 Februarie in die kerksaal. Navrae ds Danie, 044-6911450 of 0847014386.

**SOPKOMBUIS:** By die Alma-kliniek. Ons gemeente bedryf al vir byna 18 jaar op Donderdae die sopkombuis. Die lidmate wat help, het nou so min geword dat ons byna nie meer kan aangaan nie. Ons bied vanjaar slegs elke 2de week sopkombuis aan. Ons probeer met ander kerke onderhandel om ook 'n beurt te neem. As daar enige iemand is wat kans sien om deel te word van 'n span (of as u inligting verlang), kontak asb ds André.

**BEKENDE NEDERLANDSE ORRELIS:** Martin Mans, befaamde Nederlandse orrelis tree saam met panfluitspeler Carina Bossenbroek Saterdagaand 27 Febr om 18:30 in Moedergemeente op. Kaartjies kos R50. Kontak hul kerkkantoor by 044-6912465 vir meer inligting.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker filterkoffie en tee word weer na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer ken mekaar — dit help almal om meer tuis te voel. Dit is 'n belangrike deel van gemeenskap van geloof! As jy volgende week koekies of beskuit wil bring, sal dit baie lekker wees! Ons soek ook mense wat beurte sal neem om die koffie te maak en te bedien op Sondae. Sê asseblief vir een van die dominees as jy wil help. Baie dankie.

**DOMINEES:** Di André en Danie woon DV 2-4 Februarie 'n kursus in Somerset-Wes by. Kontak asseblief vir ds Robert indien u 'n leraar benodig.

**WERKSOEKERS EN WERKGEWERS:** Enige iemand wat werk soek, en die wat iemand soek om vir hulle te werk kan vir Ds Robert kontak. Ons kry dikwels versoeke van beide kante, werkgewers en werksoekers, en dan weet ons nie wie soek werk of het werk nie.



**SKOOLSEUN:** Ons het die afgelope drie jaar 'n seun gehelp met koshuisfooie. Sy naam is Christo en hy het by sy Ouma grootgeword wat 'n pensionaris is. Hy het vir SWD skole gespeel, en is genooi na die WP Akademie vir rugbyafrigting. 'n Groot eer en 'n goeie moontlikheid om sy rugbyloopbaan verder te neem. Dit kos R120 000 om vir tien maande na die rugby akademie te gaan, en na ons versoeke het hulle R75 000 as 'n beurs aan hom toegestaan. Sy verblyf en etes moet egter nog betaal word en beloop R45 000 per jaar. Ons het reeds R5 000 deposito betaal, en ons kan met 'n klomp kleiner bedrae dit maak. Enige iemand wat 'n bydrae wil maak kan vir Ds Robert skakel.

**BENODIG:** Enige grootte gasbottel vir 'n behoeftige gesin. Indien u enige oorskiet wol het, is u welkom om dit ook by die kerkkantoor af te gee.

**RIETVLEI BRAAI:** 26 Febr. Braaivleis en slaai R60, poeding R10. Bring eie houers vir wegneem. Rou vleis te koop.

**ACVV-KENANI:** Hou 'n tee-lepel-ete op Sondag, 14 Februarie om 12:00 by Kenani. Koste R80 per persoon.

**VOORSKOOLSE KLEUTERS:** En hul ouers is baie welkom om elke Sondag direk na die erediens in die konsistorie bymekaar te kom vir 'n kort saamkuier geleentheid. Kontak gerus Elizé Nel 083 554 8188 vir navrae.

**MANNE BID SAAM:** Vrydag om 06:00 bid die manne saam in die "gat" onder die saal se verhoog. Herinner mekaar—veral ook die groep wat destyds na die MMC saamgebid het.

**BOTSWANA UITREIK:** Ons beplan om weer hierdie jaar na Botswana uit te reik. 'n Groot deel van verlede jaar se uitreikspan gaan saam. Ons nooi nuwelinge om ook aan te sluit. Ons neem 'n span jongmense saam. Almal in Graad 8 en ouer is welkom om saam te gaan. Kontak vir ds Robert by 044-6912244. Ons vergader Woensdagaand 19:00 in kerksaal. Belangstellendes welkom, al wil jy net eers kom luister is jy ook welkom.

